Geografie

Damme: Watter impak het dit op die omgewing?



- - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - -

Suid-Afrika is ‘n droë land sonder veel reënval.  Die land se twee groot riviere, die Oranje- en Vaalrivier, vloei weswaarts oor die platp, duer die semi-woestyn tot in die Atlantiese Oseaan.

Oor die jare heen het mense hierdie twee riviere verander om meer nuttig vir menslike aktiwiteit te wees.



Die riviere word gekanaliseer om besproeiing vir boere in die droër gebiede moontlik te maak.

Rivierwater word in damme gestoor.
Sommige van hierdie damme verskaf water aan huise en fabrieke in groot nedersettings.



Die Vaaldam verskaf water vir industrieë en huise in Gauteng.

Die water in damme word ook gebruik om energie vir die vervaardiging van elektrisiteit te verskaf. Wanneer water gebruik word om energie te maak, word dit hidrokrag genoem.



Water van die Gariepdam maak elektrisiteit wat met kraglyne gelei word na waar dit nodig is.

Al is damme nuttig, is daar sekere nadele aan die bou van damme verbonde. Groot damme het baie spasie nodig. Dit beteken land wat vir boerdery gebruik kon word, moet nou in damme omskep word. Wanneer ‘n dam in ‘n rivier gebou word, beteken dit daar is minder water vir mense laer af in die rivier. Soms sal damwater selfs klein dorpies oorstroom. Mettertyd word bogrond tot in die dam weggespoel en soedoende kan die dam al minder water hou. Selfs Kleiner damme kan probleme vir gemeenskappe veroorsaak. Byvoorbeeld, ‘n boer wat ‘n klein dammetjie bou, moet nadink oor wie en wat verskuif moet word en wat die koste daarvan sal wees.

## Aktiwiteit:

1. Waarom gaar ons water op in damme?
2. Wat noem ons elektrisiteit wat deur water gemaak word?
3. Noem twee voordele van damme.
4. Noem twee nadele van damme.
5. Wat is JOU opinie oor damme en die impak daarvan?